7.(1) Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer moet –

- (a) verbruikersklagtes ooreenkomstig hierdie Wet ontvang en ondersoek;
- (b) die mediasie of konsiliasie fasiliteer van geskille wat ingevolge hierdie Wet tussen of onder verbruikers binne die provinsie, inwoners van die provinsie, of persone wat besigheid in die provinsie doen, ontstaan;
- (c) geskille bedoel in paragraaf (b) na die betrokke provinsiale Verbruikerstribunaal verwys;
- (d) aanbevelings aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad maak en remediërende stappe doen ten opsigte van klagtes wat aan die Kantoor voorgelê word;
- (e) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad adviseer aangaande enige aangeleentheid wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad na die Kantoor verwys word;
- (f) enige aangeleentheid wat direk of indirek met verbruikersaangeleenthede, sake of kwessies in die provinsie verband hou, ondersoek en aanbevelings aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad maak;
- (g) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad adviseer aangaande die ontwikkeling van 'n maatskaplike verantwoordelikhedprogram gemik op die bevordering van die maatskaplike ekonomiese welstand van verbruikers in die provinsie;

(h) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bystaan in die formulering van beleid en in die vasstelling van norme en standaarde in die provinsie, soos bedoel in artikel 4(a)(i) van hierdie Wet;

(i) met nasionale, provinsiale en internasionale belanghebbendes saamwerk en deelneem aan alle opvoedkundige programme gemik op die bevordering van bewustheid by die belanghebbendes in die verbruikersbedryf met betrekking tot die hantering van verbruikers;

(j) opvoedkundige programme gemik op die vermindering van misbruik en uitbuiting van verbruikers in die provinsie inisieer en daaraan deelneem;

(k) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bystaan en adviseer aangaande die ontwikkeling van 'n program ten einde die oogmerke van die Wet soos uiteengesit in artikel 2 na te volg;

(l) binne die raamwerk van nasionale en provinsiale verbruikersbeleid, die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bystaan en adviseer met betrekking tot advisering en leiding aan –

(i) die belanghebbendes in die verbruikersbedryf, verbruikers en organisasies of instellings wie se aktiwiteite of doelwitte 'n impak het op of met verbruikersaangeleenthede, sake of kwessies in die provinsie verband hou; en

(ii) die besigheidseenheid binne die Departement verantwoordelik vir kleinbesigheidsontwikkeling, koöperatiewe, plaaslike ekonomiese ontwikkeling en ekonomiese bemagtiging, en soortgelyke besigheidseenhede binne ander departemente in die provinsie; en

(iii) besighede en verder verseker dat besighede aan die staande beleid en wetgewing betreffende verbruikers voldoen; en

(m) sodanige ander funksies verrig as wat ingevolge hierdie Wet aan hom toegewys is.

(2) Buiten die bevoegdhede, pligte en funksies bedoel in subartikel (1), moet die Kantoor, na 31 Maart van elke jaar, 'n jaarverslag oor sy funksies gedurende die jaar met inbegrip van die aktiwiteite soos bedoel in subartikel (1) aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê.

(3) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n afskrif van die jaarverslag

wat ingevolge subartikel (1) voorgelê is, aan die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê binne 14 dae na ontvangs daarvan.

Instelling van Verbruikerstribunale

8.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne 12 maande na die inwerkingtreding van die Wet, deur middel van kennisgewing in die *Koerant*, een of meer Verbruikerstribunale vir die provinsie instel.

(2) Die Verbruikerstribunaal vermeld in subartikel (1) –

- (a) is ingestel vir die gebied wat in die kennisgewing beskryf word; en
- (b) het sy setel op sodanige plek soos in die kennisgewing vermeld.

(3) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan deur middel van kennisgewing in die *Koerant* –

- (a) die gebied vir die Verbruikerstribunaal bedoel in subartikel (2) wysig; of
- (b) die kennisgewing bedoel in subartikel (1) onttrek en die Verbruikerstribunaal bedoel in subartikel (1) afskaf;

(4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, onderhewig aan artikel 10(1)(b), bepaal dat die Verbruikerstribunaal, met betrekking tot bepaalde verrigtinge, by 'n ander plek as die setel van daardie Verbruikerstribunaal, gesetel is.

Oogmerke van Verbruikerstribunaal

9. Die oogmerke van die Verbruikerstribunaal is om –

- (a) enige verbruikersaak te ontvang, dit aan te hoor en daaroor te beslis; en
- (b) enige verbruikersklagte of geskil uit die weg te ruim.

Bevoegdhede, pligte en funksies van Verbruikerstribunaal

10.(1) Die Verbruikerstribunaal moet –

- (a) enige verbruikersklagte wat uit hoofde van verrigtinge bedoel in hierdie Wet voor hom dien, ontvang, aanhoor, oorweeg en daaroor beslis;

- (b) op sodanige dae en gedurende sodanige tye en op sodanige plek sit soos deur die voorsittende beampte of voorsitter, in oorleg met die Verbruikersbeskermer, bepaal;
- (c) sittings op sodanige tyd en plek dwarsdeur die gebiede van die provinsie hou en hervat soos deur die voorsittende beampte van die Verbruikersbeskermer bepaal;
- (d) die bestaande reg van Suid-Afrika toepas in die beoordeling van 'n verbruikersklagte of geskil;
- (e) die algemene beginsels om konflikoplossing tussen verbruikers en besigheid te bestuur, neerlê;
- (f) die Verbruikersbeskermer gelas om die naam van die besigheid, die naam van die persoon wat sodanige besigheid bedryf en die bevinding van die Verbruikerstribunaal ten opsigte van subartikel (2)(a), (b) en (c) te noteer in die lys van negatiewe inskrywings wat deur die Kantoor gehandhaaf en bygehou moet word; en
- (g) enige ander bevoegdhede uitvoer en die funksies verrig en pligte uitvoer wat ingevolge hierdie Wet aan hom toegewys is.

(2) Die Verbruikerstribunaal kan –

- (a) kostes toestaan, teen die voorgeskrewe skaal of tot die bedrag bepaal deur die Verbruikerstribunaal, teen enige persoon wat as aanspreeklik aan die verbruiker bevind is uit hoofde van enige wederregtelike gedrag, deur gedrag of versuim ingevolge hierdie Wet of kragtens enige bestaande wet;
- (b) met betrekking tot 'n verbruikersklagte wat betrekking het op 'n taai ooreenkoms of gedrag wat die verbruiker regtens glo dat dit onbillik, onregverdig of uiters onredelik is, 'n bevinding te dien effekte maak;
- (c) by die verhoor van 'n verbruikersklagte kostes teen sodanige verbruiker toestaan indien hy tevrede is dat die klagte beuselagtig of kwelsugtig ingedien is; en
- (d) oor die algemeen alle aangeleenthede wat nodig of verbonde is aan die verrigting van sy funksies ingevolge hierdie Wet hanteer.

(3) Die voorsittende beampte van die Verbruikerstribunaal moet so gou doenlik, na 31 Maart van elke jaar, 'n jaarverslag oor die aktiwiteite van die Verbruikerstribunaal aan die

verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê.

(4) Die verslag voorgelê aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ingevolge subartikel (3) moet 'n lys van negatiewe inskrywings bedoel in artikel 10(1)(f) insluit.

(5) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan van die Verbruikerstribunaal vereis om bykomende verslae aan hom of haar voor te lê soos die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd mag vereis.

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n afskrif van die jaarverslag bedoel in subartikel (3), binne 14 dae na ontvangs daarvan aan die Provinsiale Wetgewer voorlê.

Samestelling van Verbruikerstribunaal

11.(1) Die Verbruikerstribunaal bestaan uit –

- (a) ses en nie meer as agt lede aangestel deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad; en
- (b) die voorsitter, aangestel ingevolge artikel 12 van hierdie Wet.

(2) Die lidmaatskap bedoel in subartikel (1) moet –

- (a) 'n voorsitter, wat 'n erkende prokureur of advokaat of afgetrede landdros of regsdosent by 'n universiteit moet wees met ten minste vyf jaar ondervinding in die regsprofessie of die regswese;
- (b) 'n adjunkvoorsitter, wat ook 'n erkende prokureur of advokaat of afgetrede landdros of regsdosent by 'n universiteit moet wees met ten minste drie jaar ondervinding in die regsprofessie of die regswese;
- (c) een persoon met kennis en ondervinding op die terrein van verbruikersadvokatuur, ekonomie en handel;
- (d) een persoon met kennis en ondervinding in die verbruikersbedryf en wat nie aktief betrokke is by of direkte of indirekte finansiële belang daarin het nie;
- (e) een persoon as 'n sekretaris van die Verbruikerstribunaal om administratiewe werk verbonde aan die funksies van die Verbruikerstribunaal te verrig; en

(f) een sodanige ander persoon om die sekretaris van die Verbruikerstribunaal by te staan soos nodig, insluit.

(3) By aanstelling van die lede op die Verbruikerstribunaal, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verseker dat historiese ongelykhede aangespreek word.

(4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, deur middel van kennisgewing in twee koerante met wye sirkulasie in die provinsie en deur enige ander metode te gebruik wat bestem is om die grootste aantal inwoners in die provinsie te bereik, persone of enige belanghebbende partye binne die provinsie uitnooi om kandidate te benoem vir aanstelling op die Verbruikerstribunaal.

(5) Die kennisgewing bedoel in subartikel (4), moet –

- (a) die benoemingsprosedure;
- (b) die vereistes vir benoemings; en
- (c) die sluitingsdatum vir die benoemings,

spesifiseer.

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet alle benoemings wat voorgelê word in reaksie op die kennisgewing oorweeg, en kan 'n keurpaneel aanstel bestaande uit nie meer nie as vier senior departementele beamptes om al die benoemings te hersien en aanbevelings rakende die kandidate vir die Verbruikerstribunaal aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te maak.

(7) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die name van die persone wat op die Verbruikerstribunaal aangestel word in die *Koerant* en in ten minste twee koerante met wye sirkulasie in die provinsie laat publiseer, onmiddellik nadat sodanige persone skriftelik van hul aanstelling op die Verbruikerstribunaal in kennis gestel is.

(8) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede, die Portefeuljekomitee voorsien van die name van die aangestelde lede met inbegrip van hul aanstellingstermyn.

(9) Hierdie artikel is, met die nodige veranderinge, van toepassing op die vul van 'n vakature op die Verbruikerstribunaal.

Onbevoegdheid vir aanstelling op Verbruikerstribunaal

12. 'n Persoon is onbevoeg vir aanstelling op die Verbruikerstribunaal of om op die Verbruikerstribunaal te bly, indien hy of sy –

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (b) deur 'n bevoegde hof geestelik siek verklaar is;
- (c) 'n direkte of indirekte belang in enige kontrak met die Verbruikersbeskermer of Verbruikerstribunaal het en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar soos deur hierdie Wet vereis;
- (d) 'n persoon onder kuratorskap is;
- (e) te eniger tyd uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit;
- (f) skuldig bevind en gevangenisstraf opgelê is sonder die keuse van 'n boete, buiten dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad 'n vonnis mag kondoneer, op 'n wyse wat ooreenstem met artikel 106(1)(e) van die Grondwet, indien sodanige benoemde volle besonderhede van die misdryf in 'n beëdigde verklaring verklaar. Met dien verstande dat onbevoegdheid ingevolge hierdie subartikel vyf jaar nadat die vonnis voltooi is, eindig;
- (g) versuim om 'n belang te verklaar ooreenkomstig artikel 13 of verrigtinge van die Verbruikerstribunaal bygewoon het of daaraan deelgeneem het terwyl hy of sy 'n belang het soos in die vermelde artikel bedoel;
- (h) 'n staatsdiensamptenaar is;
- (i) 'n openbare ampsdraer is;
- (j) nie 'n burger van die Republiek is nie; of
- (k) nie in die provinsie woonagtig is nie.

Verklaring van finansiële of ander belange van lede van Verbruikerstribunaal

13.(1) 'n Persoon wat benoem is om op die Verbruikerstribunaal te dien ingevolge artikel 11 moet, binne 10 dae na die benoeming, 'n skriftelike verklaring by die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad indien van alle direkte of indirekte belange in enige

maatskappy, beslote korporasie en of enige ander besigheidsbelange.

(2) Enige versuim deur 'n benoemde om finansiële en ander belange ingevolge subartikel (1) te verklaar, maak sodanige benoemde ingevolge artikel 12 onbevoeg vir aanstelling op die Verbruikerstribunaal.

(3) Elke lid van die Verbruikerstribunaal moet, by ampstaanvaarding en aan die begin van elke finansiële jaar van die Verbruikerstribunaal, 'n skriftelike verklaring van sy of haar direkte of indirekte belang in enige maatskappy, beslote korporasie of ander besigheidsbelange aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê.

(4) Indien 'n lid van die Verbruikerstribunaal te eniger tyd gedurende sy of haar ampstermyn as 'n lid van die Verbruikerstribunaal 'n belang in enige maatskappy, beslote korporasie of ander besigheidsbelange bekom, moet hy of sy binne 10 dae na die datum van verkryging van sodanige belang, 'n skriftelike verklaring van sodanige belang by die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad indien.

(5) Enige versuim deur die lid om sy of haar belange soos bedoel in subartikels (3) en (4) te verklaar, lei tot die beëindiging van die aanstelling van sodanige lid ingevolge artikel 16(2).

Versuim om finansiële of ander belange van lid van Verbruikerstribunaal te verklaar

14.(1) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal wat versuim om 'n verklaring beoog in artikel 13 te doen, kan, onderhewig aan subartikel (2), onbevoeg verklaar word om op die Verbruikerstribunaal te bly.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, wanneer hy of sy daarvan bewus raak dat 'n lid van die Verbruikerstribunaal versuim het om aan die bepalings van artikel 13 te voldoen, die aangeleentheid ondersoek en toepaslike dissiplinêre stappe oorweeg.

Ampstermyn van lid van Verbruikerstribunaal

15.(1) 'n Lid word op die Verbruikerstribunaal aangestel vir 'n tydperk van vyf jaar of vir sodanige korter tydperk soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal.

(2) 'n Lid kan vir een bykomende termyn heraangestel word by die verstryking van sy of haar ampstermyn.

Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van lede van Verbruikerstribunaal

16.(1) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal moet sy of haar amp ontruim indien hy of sy onbevoeg raak soos in artikel 12 bedoel.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat 'n geleentheid aan die lid gebied is om sy of haar saak te stel, die ampstermyn van sodanige lid te eniger tyd beëindig indien, na sy of haar mening, daar grondige, afdoende en regverdigbare redes is om dit te doen.

(3) 'n Lid kan uit sy of haar amp bedank deur nie minder nie as 30 dae skriftelike kennis aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te gee: Met dien verstande dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad van die bedankingskennisgewing kan afsien.

(4) Wanneer 'n vakature op die Verbruikerstribunaal ontstaan, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 11, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(5) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, onderhewig aan subartikel (2), die aanstelling van al of sommige van die lede van die Verbruikerstribunaal beëindig.

(6) In die geval dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoeghede ingevolge subartikel (5) uitoefen, kan hy of sy, ondanks die prosedure vir

die aanstelling van die lede van die Drankowerheid soos in artikel 11 uiteengesit, maar onderhewig aan subartikels (2) en (3) van artikel 11, persone aanstel om as lede van die Verbruikerstribunaal op 'n tussentydse basis te dien: Met dien verstande dat –

- (a) die persone aangestel om die lede te vervang wie se aanstelling ingevolge subartikel (5) beëindig is, nie op die Verbruikerstribunaal mag aanbly vir 'n tydperk van meer as 90 dae na die datum van hul aanstelling nie; en
- (b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, moet, onderhewig aan artikel 11, die permanente lede van die Verbruikerstribunaal binne 90 dae na die aanstelling bedoel in paragraaf (a) van hierdie subartikel aanstel.

Tydlike skorsing van lid van Verbruikerstribunaal

17.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, na toepassing van die tersaaklike reëls van natuurlike geregtigheid, 'n lid van die Verbruikerstribunaal met volle besoldiging skors indien –

- (a) die lid na bewering 'n ernstige misdryf gepleeg het; en
- (b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad redelikerwys glo dat die teenwoordigheid van sodanige lid op die Verbruikerstribunaal enige ondersoek en navraag aangaande die beweerde wangedrag in gevaar mag stel, of die welstand of veiligheid van enige persoon of staatseiendom in gevaar mag plaas: Met dien verstande dat hierdie soort skorsing 'n voorsorgmaatreël is, wat nie 'n bevinding uitmaak nie.

(2) Indien 'n lid as voorsorgmaatreël geskors word soos bedoel in subartikel (1), moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad die ondersoek binne 60 dae na die inwerkingtreedingsdatum van sodanige opskorting hou.

Grondwet van Verbruikerstribunaal

18.(1) Onderhewig aan subartikel (4), bestaan die kworum van die Verbruikerstribunaal uit drie lede.

(2) Tensy anders bepaal, is 'n beslissing van die meerderheid van die lede van die Verbruikerstribunaal teenwoordig, die beslissing van die Verbruikerstribunaal.

(3) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal moet hom- of haarself onttrek van verrigtinge op grond van enige belang of assosiasie wat sy of haar onpartydige oorweging van die aangeleentheid mag beïnvloed, of wat as sodanig gesien kan word.

(4) Indien, op enige stadium gedurende die verrigtinge voor die Verbruikerstribunaal, –

- (a) die voorsitter onbevoeg raak om voor te sit of afwesig is, moet die verrigtinge van voor af begin;
- (b) enige ander lid onbevoeg raak om op te tree of afwesig is, moet die verrigtinge in die teenwoordigheid van die oorblywende lede voortgaan; en
- (c) twee of meer ander lede onbevoeg raak om op te tree of afwesig is, moet die verrigtinge van voor af begin tensy al die partye by die verrigtinge onvoorwaardelik, skriftelik, ooreenkom om die meerderheid van die oorblywende lede se beslissing te aanvaar.

(5) Indien die verrigtinge in die teenwoordigheid van 'n gelyke aantal lede voortgaan en daar 'n nie-eenstemmige beslissing is, is die voorsitter se beslissing finaal.

Besoldiging van lede van Verbruikerstribunaal

19.(1)(a) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal kan sodanige besoldiging en toelaes betaal word soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad vir finansies bepaal.

(b) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal wat besoldiging, toelae of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of werk by –

- (i) die nasionale regering;
- (ii) 'n provinsiale regering;
- (iii) 'n munisipaliteit; of
- (iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het,

en wat voortgaan om sodanige besoldiging, toelae of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as lid van die Verbruikerstribunaal dien, mag slegs besoldiging en toelae vermeld in paragraaf (a) ontvang tot die mate vereis om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou wees indien dit nie vir sodanige pos of werk was nie.

- (2)(a) 'n Lid van die Verbruikerstribunaal en 'n persoon wat vir die Verbruikerstribunaal gekoöpteer is, kan met betrekking tot sy of haar funksies as 'n lid of gekoöpteerde lid, vergoeding ontvang vir redelike werklike reis-en-verblyf-uitgawes genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Verbruikerstribunaal;
- (b) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad vir finansies, moet prosedures, met inbegrip van beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis-en-verblyf-uitgawes soos bedoel in paragraaf (a).

Kundige en ander bystand aan Verbruikerstribunaal

20.(1) Die Verbruikerstribunaal kan sodanige kundiges of ander persone as diensleweraars aanstel soos nodig blyk te wees met die oog daarop om die Verbruikerstribunaal in die uitvoering en uitoefening van sy bevoegdhede, funksies en pligte by te staan.

(2) Die terme, voorwaardes en gelde wat op enige kundige of persoon aangestel kragtens subartikel(1), en die werk wat uitgevoer moet word of dienste wat gelewer moet word van toepassing is, sal deur die Verbruikerstribunaal bepaal word en ingesluit word in 'n geskrewe ooreenkoms wat vir daardie doel tussen die Verbruikerstribunaal en die betrokke kundige of persoon aangegaan is.

(3) Die kundiges of ander persone wat aangestel is kragtens subartikel (1) sal nie geregtig wees om te stem oor enige besluit wat deur die Verbruikerstribunaal geneem is nie.

Verrigtinge van Verbruikerstribunaal

21.(1) Die verrigtinge voor die Verbruikerstribunaal moet –

- (a) deur 'n dagvaarding ingestel word op die voorgeskrewe vorm wat op die betrokke persoon beteken moet word op enige wyse soos voorgeskryf, wat betekening buite die provinsie mag insluit;
- (b) oop wees vir die publiek;

(c) deur enige persoon wat deur die Kantoor aangestel moet wees, voortgesit word;

(d) enige persoon wat deur enige geregtelike stappe benadeel mag word, toelaat om persoonlik te verskyn of deur 'n prokureur of advokaat of enige ander persoon verteenwoordig of bygestaan te word; en

(e) 'n persoon teen wie die geregtelike stappe gedoen word of wat geraak mag word deur die geregtelike stappe of die besluit om persoonlik te verskyn, toelaat om deur 'n advokaat, prokureur of enige ander persoon verteenwoordig of bygestaan te word.

(2) Die Verbruikerstribunaal kan gelas dat die publiek of enige lid daarvan sekere verrigtinge van die Verbruikerstribunaal of 'n deel daarvan, nie mag bywoon nie, indien dit geregverdig is in die belang van –

(a) die uitvoer van die verrigtinge of die oorweging van die betrokke aangeleentheid; of

(b) die beskerming van die privaatheid van enige persoon wat na bewering betrokke is by enige onregverdige besigheidspraktyke of die bepalings van die Wet oortree het of van die vertroulikheid van enige inligting aangaande daardie persoon.

(3) Die Verbruikerstribunaal moet die rekords van die verrigtinge hou.

(4) Enige persoon wat 'n belang het in enige verrigtinge wat plaasgeneem het, kan op die voorgeskrewe wyse afskrifte van die rekord bedoel in subartikel (3) hou.

Dagvaarding van getuies en voorlê van dokumente aan Verbruikerstribunaal

22.(1) Vir die doel om enige aangeleentheid met betrekking tot verrigtinge voor die Verbruikerstribunaal vas te stel, kan die Verbruikerstribunaal –

(a) deur middel van 'n dagvaarding gerig aan enige persoon, met inbegrip van die persoon teen wie 'n verbruikersklagte ingedien is, in die voorgeskrewe vorm onder die hand van die sekretaris van die Verbruikerstribunaal, en op die voorgeskrewe wyse beteken, –

(i) sodanige persoon dagvaar om voor die Verbruikerstribunaal te verskyn

om getuienis te lewer op 'n tyd en plek vermeld in sodanige dagvaarding;
en

(ii) sodanige persoon gelas om enige boek, dokument of voorwerp in die besit of bewaring of onder die beheer van sodanige persoon is en wat redelikerwys nodig, wesenlik en tersaaklik mag wees in verband met die verrigtinge voor die Verbruikerstribunaal, te toon;

(b) sodanige persoon gelas om 'n eed of 'n plegtige verklaring af te lê; en

(c) sodanige persoon ondervra en enige boek, dokument of voorwerp ondersoek wat hy of sy vereis was om te toon.

(2) Die eed of plegtige verklaring bedoel in subartikel (1)(b) kan deur enige persoon afgeneem word wat ingevolge die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet No. 16 van 1963) gekwalifiseer is om 'n eed af te neem of 'n plegtige verklaring te aanvaar.

(3) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy, nadat hy of sy ingevolge hierdie artikel gedagvaar is, –

(a) sonder voldoende rede versuim om aanwesig te wees op die tyd en plek vermeld in die dagvaarding, of om aanwesig te bly tot die afsluiting van die verrigtinge of totdat hy of sy deur die Verbruikerstribunaal verskoon is van verdere bywoning;

(b) weier om die eed of 'n plegtige verklaring af te lê;

(c) weier om enige vraag wat wettig aan hom of haar gestel word, te antwoord, of om volledig en bevredigend na die beste van sy of haar kennis en geloof te antwoord;

(d) versuim om enige boek, dokument of voorwerp in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer, wat hy of sy vereis was om te toon, te toon; of

(e) 'n vals verklaring voor die Verbruikerstribunaal aflê, wetende dat sodanige verklaring vals is of nie weet of glo dat dit waar is nie.

(4) 'n Persoon wat ingevolge hierdie artikel gedagvaar is om te verskyn, mag nie daarop geregtig wees om te weier om enige vraag te antwoord of om enige boek, dokument of voorwerp te toon nie op die gronde dat hy of sy daardeur aan 'n kriminele aanklag blootgestel sou wees: Met dien verstande dat, tot die mate dat sodanige antwoord, boek,

dokument of item die betrokke persoon aan 'n kriminele aanklag blootstel, geen getuienis daarvan toelaatbaar mag wees in enige strafregtelike verrigtinge teen daardie persoon nie, buiten indien daardie persoon teregstaan op 'n aanklag bedoel in subartikel (2)(c) tot (e), of in artikel 319(3) van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955).

(5) 'n Persoon wat die verrigtinge van die Verbruikerstribunaal as 'n getuie bygewoon het, is op die voorgeskrewe getuiefooi geregtig.

HOOFSUK 4 VERWESENLIKING EN BESKERMING VAN VERBRUIKERSREGTE

Deel 1 Algemeen

Verbruikersregte

23.(1) Elke verbruiker het 'n reg –

- (a) om toegang te hê tot basiese goedere en dienste soos voldoende voedsel, klere, behuising, gesondheidsorg, onderrig, skoon water en sanitasie;
- (b) op veiligheid van en beskerming teen produksieprosesse, produkte en dienste wat gesondheids- of lewensgevaar inhou;
- (c) om ingelig en voorsien te word van die feite wat nodig is om ingeligte keuses te maak en om teen oneerlike of misleidende advertensie en etikettering beskerm te word;
- (d) om te kies uit 'n reeks produkte en dienste wat teen mededingende pryse aangebied word met die versekering van bevredigende kwaliteit;
- (e) dat sy of haar belange verteenwoordig word in die opstel en uitvoering van staatsbeleid en die ontwikkeling van produkte en dienste;
- (f) om 'n regverdige betaling van billike eise, insluitend kompensasie vir wanvoorstelling, of nagemaakte goedere of dienste te verhaal of te ontvang;
- (g) op onderrig as 'n verbruiker en om kennis en vaardighede benodig om ingeligte en vrymoedige keuses oor goedere en dienste te maak, te bekom terwyl hy of sy bewus is van basiese verbruikersregte en verantwoordelikhede en hoe om uitvoering daaraan te gee; en
- (h) in 'n gesonde omgewing te leef en te werk wat nie die welstand van huidige en toekomstige generasies bedreig nie.

(2) Die Kantoor moet redelike stappe doen om te verseker dat die regte bedoel in subartikel (1) deur alle verbruikers in die provinsie verwesenlik word.

Verwesenliking van verbruikersregte

24. Enigeen van die volgende persone kan op die wyse soos in hierdie Wet bepaal, die Verbruikerstribunaal of die Verbruikersbeskermer nader indien sy of haar regte ingevolge hierdie Wet geskend, aangetas of bedreig is of indien enige verbode gedrag plaasvind of plaasgevind het –

- (a) 'n persoon wat namens hom- of haarself optree;
- (b) 'n gemagtigde persoon wat namens 'n ander persoon optree wat nie in sy of haar eie naam kan optree nie;
- (c) 'n persoon wat as 'n lid van, of in die belang van, 'n groep of klas van persone wat geraak word, optree;
- (d) 'n persoon wat in die openbare belang optree, waar toestemming van die Verbruikersbeskermer of die Verbruikerstribunaal, na gelang van die geval, toegestaan is vir sodanige persoon om in openbare belang op te tree; of
- (e) 'n vereniging wat in die belang van sy lede optree.

Beskerming van verbruikersregte

25. Indien 'n verbruiker enige reg vermeld in hierdie Wet of in 'n ooreenkoms of transaksie met 'n verskaffer, uitgeoefen het, laat geld het of gepoog het om te handhaaf, mag die verskaffer nie, in reaksie daarop –

- (a) direk of indirek teen sodanige verbruiker diskrimineer, vergeleke met die verskaffer se behandeling van enige ander verbruiker wat sodanige reg uitgeoefen het, laat geld het of gepoog het om te handhaaf nie;
- (b) die verbruiker penaliseer nie;
- (c) die terme of voorwaardes van 'n transaksie of ooreenkoms met die verbruiker wysig of van voorneme wees om dit te wysig, tot nadeel van die verbruiker nie; of
- (d) enige stappe doen om 'n ooreenkoms met die verbruiker te versnel, af te dwing of te beëindig nie.

Toepassing van regte deur verbruiker

26.(1) 'n Persoon bedoel in artikel 25 kan poog om enige regte ingevolge hierdie Wet of ingevolge 'n transaksie of ooreenkoms toe te pas, of andersins 'n geskil met 'n verskaffer besleg deur –

- (a) die aangeleentheid direk na die Verbruikersbeskermer te verwys;
- (b) die aangeleentheid na die Verbruikerstribunaal te verwys, indien sodanige direkte verwysing deur hierdie Wet toegelaat word in geval van die besondere geskil; of
- (c) die aangeleentheid na die toepaslike ombud met jurisdiksie te verwys.

(2) Indien die aangeleentheid bedoel in subartikel (1) nie op 'n verskaffer bedoel in subartikel (1)(c) betrekking het nie, kan 'n persoon bedoel in artikel 25 poog om enige regte ingevolge hierdie Wet of ingevolge 'n transaksie of ooreenkoms toe te pas, of andersins 'n geskil met 'n verskaffer besleg deur –

- (a) die aangeleentheid na die toepaslike bedryfsombud, geakkrediteer ingevolge artikel 82(6) van die Wet op Verbruikerbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008), te verwys indien die verskaffer aan enige sodanige ombud onderworpe is;
- (b) die aangeleentheid na 'n ander geskilbeslegtingsinsagent bedoel in artikel 70 van die Wet op Verbruikerbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008) te verwys;
- (c) 'n klagte by die Verbruikerskommissie kantoor in te dien ooreenkomstig artikel 7 van die Wet op Verbruikerbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008); of
- (d) 'n tribunaal met jurisdiksie oor die aangeleentheid te nader, indien alle ander regsmeddele wat ingevolge Wet op Verbruikerbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008) tot daardie persoon se beskikking is, uitgeput is.

*Deel 2**Indien en ondersoek van verbruikersklagtes***Indien van klagte by Kantoor van Verbruikersbeskermer**

27.(1) Enige verbruiker kan op die voorgeskrewe wyse 'n verbruikersklagte by die Kantoor van die Verbruikersbeskermer indien.

(2) 'n Verbruikersklagte bedoel in subartikel (1) wat nie skriftelik is nie, moet deur die

Kantoor na skrif herlei word.

(3) Die Kantoor kan 'n lêer of dossier met betrekking tot die verbruikersklagte oopmaak en moet 'n indeks- en liasseringstelsel van verbruikersklagtes byhou.

Ondersoekprosedure

28.(1) By die ontvangs van 'n verbruikersklagte ingevolge hierdie Wet, moet die Verbruikersbeskermer 'n persoon in diens van die Kantoor van die Verbruikersbeskermer of 'n ondersoekbeampte gelas om die klagte so gou doenlik te ondersoek.

(2) Die persoon of ondersoekbeampte vermeld in subartikel (1) moet 'n voorlopige beoordeling van die verbruikersklagte soos in hierdie Wet bedoel, maak.

(3) Die Kantoor mag nie enige persoon vir ondersoek laat dagvaar voordat 'n voorlopige beoordeling van die verbruikersklagte gemaak is nie.

(4) Indien, by oorweging van die voorlopige beoordeling, die Verbruikersbeskermer van mening is dat die verbruikersklagte beter deur 'n ander bevoegde owerheid hanteer kan word, kan hy of sy te eniger tyd enige ondersoek of aspek daarvan na sodanige ander owerheid verwys, met inbegrip van 'n owerheid in 'n ander provinsie: Met dien verstande dat die Kantoor te eniger tyd die ondersoek met betrekking tot daardie aangeleentheid kan hervat.

Voorlopige beoordeling van verbruikersklagte

29.(1) Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer moet 'n voorlopige beoordeling van die verbruikersklagte ingedien ingevolge artikel 27(1) maak.

(2) Die Kantoor kan te eniger tyd gedurende sy ondersoek sy voorlopige beoordeling wysig, onder andere in die lig van nuwe getuienis of wetsbepalings, en volgens 'n gewysigde beoordeling voortgaan.

(3) Die Kantoor moet beoordeel of die verbruikersklagte, ingedien ingevolge artikel 27(1), deur 'n *bona fide*-verbruiker ingedien word.

(4) Die onus rus op die klaer om vas te stel of hy of sy 'n *bona fide*-verbruiker is.

(5) Indien die klaer bedoel in subartikel (3) nie 'n *bona fide*-verbruiker is nie, mag die Kantoor nie die klagte ondersoek nie.

(6) Die Kantoor moet beoordeel of die verbruikersklagte teen 'n besigheid, of 'n persoon wat voorgee om 'n besigheid of 'n besigheidspraktyk te bedryf, die potensiaal van strafregtelike aanspreeklikheid of siviele aanspreeklikheid oordra.

Dagvaarding en ondervraging van persone en voorlê van boeke en dokumente

30.(1) Vir die doeleindes van 'n ondersoek bedoel in artikel 28(1) kan die Verbruikersbeskermer, of 'n persoon in diens van die Kantoor van die Verbruikersbeskermer, gemagtig deur die Verbruikersbeskermer, –

(a) enige persoon dagvaar wat vermoedelik –

(i) in staat is om enige inligting oor die onderwerp van die ondersoek te verskaf; of

(ii) enige boek, dokument of ander voorwerp met betrekking tot daardie onderwerp in sy of haar besit of onder sy of haar beheer het,

om voor 'n persoon in diens van die Kantoor te verskyn op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld, om ondervra te word of om daardie boek, dokument of ander voorwerp te toon; en

(b) daardie persoon, onder eed of plegtige verklaring opgelê deur die Verbruikersbeskermer of 'n ander persoon in diens van die Kantoor van die Verbruikersbeskermer, gemagtig deur die Verbruikersbeskermer, ondervra, en sodanige boek, dokument of ander voorwerp ondersoek of vir verdere inligting of vir veilige bewaring hou.

(2) 'n Dagvaarding vermeld in subartikel (1)(a) moet –

(a) in die voorgeskrewe vorm wees en die persoon wat gedagvaar word, vermeld;

- (b) besonderhede bevat van die aangeleentheid ten opsigte waarvan daar van die betrokke persoon vereis word om te verskyn;
- (c) deur die Verbruikersbeskermer of 'n ander persoon in diens van die Kantoor gemagtig deur die Verbruikersbeskermer geteken wees; en
- (d) op die voorgeskrewe wyse beteken word.

(3) 'n Persoon wat uit hoofde van subartikel (1)(a) verskyn –

- (a) kan by die ondersoek deur enige persoon van sy of haar keuse bygestaan word; en,
- (b) is daarop geregtig om 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag wat hy of sy as getuiefooie sou ontvang het indien hy of sy gedagvaar is om strafregtelike verrigtinge in die Hooggeregshof by te woon, gehou op die plek vermeld in die betrokke dagvaarding, as getuiefooie te ontvang uit gelde wat regtens vir sodanige doel toegeken is.

(4) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy, nadat hy of sy ingevolge hierdie artikel gedagvaar is –

- (a) sonder voldoende rede versuim om aanwesig te wees op die tyd en plek vermeld in die dagvaarding, of om aanwesig te bly tot die afsluiting van die verrigtinge of totdat hy of sy deur die Verbruikersbeskermer verskoon is van verdere bywoning; of
- (b) weier om die eed of 'n plegtige verklaring af te lê.

(5) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (1) ondervra word, moet elke vraag eerlik en na die beste van sy of haar vermoë beantwoord, maar die persoon is nie verplig om enige vraag te antwoord indien die antwoord selfbeskuldigend is nie.

(6) Geen selfbeskuldigende antwoord wat gegee is of verklaring afgelê aan 'n persoon wat enige bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitoefen, is toelaatbaar as getuienis teen die persoon wat die antwoord in strafregtelike verrigtinge gegee het of die verklaring afgelê het nie, buiten in strafregtelike verrigtinge vir meened of waarin daardie persoon is verhoor word vir 'n misdryf bedoel in subartikel (5), en dan slegs tot die mate dat die antwoord of verklaring tersaaklik is om die ten laste gelegde misdryf te bewys.

Aanstelling van ondersoekers**31.(1) Die Verbruikersbeskermer –**

- (a) kan enige geskikte werknemer van die Kantoor of enige ander geskikte persoon in diens van die staat as 'n ondersoeker aanstel; en
- (b) moet 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan elke ondersoeker uitreik wat meld dat die persoon ingevolge hierdie Wet as 'n ondersoeker aangestel is.

(2) Wanneer 'n ondersoeker enige funksie van 'n ondersoeker ingevolge hierdie Wet verrig, moet die ondersoeker –

- (a) in besit wees van 'n aanstellingsertifikaat wat ingevolge subartikel (1) aan daardie ondersoeker uitgereik is;
- (b) daardie sertifikaat toon aan enige persoon wat –
 - (i) geraak word deur die ondersoeker se handeling ingevolge hierdie Wet; en
 - (ii) versoek om die sertifikaat te sien; en
- (c) die bevoegdhede van 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) hê, en kan hy of sy die bevoegdhede wat regtens aan 'n vredesbeampte verleen is, uitoefen.

(3) Die Verbruikersbeskermer kan enige toepaslik gekwalifiseerde persoon as 'n ondersoeker aanstel of kontrakteeur om navorsing, oudits, navrae of ander ondersoekes namens die Verbruikersbeskermer uit te voer.**(4) 'n Persoon aangestel ingevolge subartikel (3) is nie 'n ondersoeker soos bedoel in subartikel (1) nie.****(5) Onderhewig aan die wette wat die staatsdiens bestuur, kan die lid van die Uitvoerende Raad, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad vir finansies, persone in diens van die Kantoor of enige ander geskikte persone as ondersoekbeamptes aanstel, wat onderworpe moet wees aan die beheer en bestuur van die Verbruikersbeskermer.**

(6) Die Verbruikersbeskermer word geag as aangestel as 'n ondersoekbeampte.

(7) 'n Ondersoekbeampte moet voorsien word van 'n aanstellingsertifikaat geteken deur of namens die Verbruikersbeskermer en waarin daar vermeld word dat hy of sy 'n ondersoekbeampte aangestel ingevolge hierdie Wet is.

(8) 'n Ondersoekbeampte moet, wanneer hy of sy enige funksie ingevolge hierdie Wet verrig, sy of haar aanstellingsertifikaat in sy of haar besit hê.

Deursoeking en beslaglegging

32.(1) Ten einde enige inligting vereis deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer met betrekking tot 'n ondersoek te bekom, kan 'n ondersoekbeampte, onderhewig aan die bepalings van hierdie artikel, gedurende kantoorure enige perseel betree waarop of waarin enige boek, dokument of ander voorwerp wat met daardie ondersoek verband hou, is of vermoedelik is, en kan –

- (a) daardie perseel inspekteer of deursoek, en daar sodanige navrae doen as wat nodig mag wees vir die doel om enige sodanige inligting te bekom;
- (b) enige voorwerp gevind op of in die perseel wat met die betrokke ondersoek verband hou of mag hou, ondersoek, en inligting aangaande daardie voorwerp van die eienaar of persoon in beheer van die perseel of van enige persoon in wie se besit of beheer daardie voorwerp is, versoek;
- (c) afskrifte van of uittreksels maak uit enige boek of dokument gevind op of in die perseel wat met die betrokke ondersoek verband hou of mag hou, en 'n verduideliking van enige inskrywing daarin van enige persoon wat vermoedelik die nodige inligting het, versoek; of
- (d) teen die uitreiking van 'n kwitansie, op enigiets op of in die perseel beslag lê wat met die betrokke ondersoek verband hou of redelikerwys mag hou, indien die ondersoekbeampte dit vir verdere ondersoek of vir veilige bewaring moet hou.

(2) Tensy die eienaar of persoon in beheer van die betrokke perseel skriftelik toestemming gegee het, mag 'n ondersoekbeampte slegs 'n perseel betree en enige bevoegdheid bedoel in subartikel (1) uitoefen kragtens 'n lasbrief vir deursoeking, wat slegs deur 'n landdros of 'n regter uitgereik mag word indien dit uit inligting wat aan die

landdros of regter gegee is onder eed of plegtige verklaring blyk dat daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat 'n boek, dokument of ander voorwerp wat getuienis vir die ondersoek mag verskaf op of in daardie perseel is.

(3) 'n Lasbrief vir deursoeking bedoel in subartikel (2) moet –

- (a) 'n ondersoekbeampte vermeld in die lasbrief magtig om die perseel wat in die lasbrief aangewys is, te betree vir die doel om enige bevoegdheid bedoel in subartikel (1) uit te oefen;
- (b) in die dag uitgevoer word, tensy die landdros of regter spesifiek die nagtelike uitvoering daarvan magtig; en
- (c) van krag wees totdat dit uitgevoer word, deur 'n bevoegde hof gekanselleer word, of 'n tydperk van een week vanaf die dag van uitreiking daarvan verstryk, wat ook al eerste plaasvind.

(4) 'n Onderzoekbeampte wat 'n lasbrief vir deursoeking kragtens hierdie artikel uitvoer, moet, voor sodanige uitvoering, indien enige persoon wie se regte beïnvloed mag word, dit vereis –

- (a) sy of haar aanstellingsertifikaat aan daardie persoon toon; en
- (b) 'n afskrif van die lasbrief aan daardie persoon oorhandig.

(5) 'n Persoon uit wie se besit of beheer 'n boek of dokument kragtens hierdie artikel geneem is, moet, so lank as wat dit in die besit of beheer van die betrokke ondersoekbeampte of van die Kantoor is, op versoek toegelaat word om afskrifte daarvan te maak of om uittreksels daarvan te neem op enige redelike tyd op sy of haar eie koste en onder die toesig van daardie ondersoekbeampte of 'n persoon in diens van die Kantoor.

(6) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy –

- (a) 'n ondersoekbeampte dwarsboom of belemmer in die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie artikel; of
- (b) nadat 'n navraag aan hom of haar gerig is kragtens subartikel (1)(a), of inligting of 'n verduideliking kragtens subartikel (1)(b) of (c) van hom of haar versoek is, 'n antwoord of inligting of 'n verduideliking gee wat vals of misleidend is, wetend dat dit vals of misleidend is.

Bedinging van skikking om verbruikersklagte op te los

33.(1) Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer kan 'n ooreenkoms met enige persoon beding en sluit vir –

- (a) die staking of vermyding van die besigheidspraktyk wat tot die verbruikersklagte aanleiding gegee het;
- (b) die vergoeding, met of sonder belang, aan die verbruiker wat geraak is;
- (c) die staking of vermyding van enige aspek van die besigheidspraktyk wat tot die verbruikersklagte aanleiding gegee het; of
- (d) enige ander aangeleentheid ten opsigte van die besigheidspraktyk wat tot die verbruikersklagte aanleiding gegee het.

(2) 'n Skikking bedoel in subartikel (1) –

